AKADEMIA DEKANE:

EKONOMIES- EN BESTUURSWETENSKAPPE; GEESTESWETENSKAPPE; NATUURWETENSKAPPE; OPVOEDKUNDE; EN INGENIEURSWESE

Centurion

Akademia is 'n geregistreerde privaat hoëronderwysinstelling en is in Centurion geleë. Akademia brei steeds uit en het tans vyf voltydse dekaanposte in die volgende fakulteite beskikbaar: Ekonomies- en Bestuurswetenskappe; Geesteswetenskappe; Natuurwetenskappe; Opvoedkunde; en Ingenieurswese. Om hiervoor te kwalifiseer word 'n doktorsgraad benodig, tesame met 'n minimum van vyf jaar akademiese ervaring aan 'n hoëronderwysinstelling, met bewese kennis van onderrig en leer en/of 'n verwante dissipline. Verder is drie tot vyf jaar bestuurservaring ook 'n voorvereiste vir die poste.

Akademia se doel is om vir Afrikaanssprekende gemeenskappe die kulturele en wetenskaplike vrugte van akademiese strewe te verseker, en die internasionalisering daarvan te fasiliteer. Akademia streef daarna om 'n hoëronderwysinstelling te wees wat rede, geloof, die verlede en die toekoms, gemeenskap en individu in 'n breë, Westers-Christelike tradisie te integreer.

Akademia maak tans van 'n hoëtegnologie-onderrigmodel gebruik, waarmee studente by enige van dertien sentra landwyd in Suid-Afrika en in Namibië kan studeer. Naas dié model ontwikkel Akademia tans ook 'n residensiële kampusmodel vir die afsienbare toekoms. Akademia beoog om in die residensiële model sterk aansluiting te vind by die tradisionele universiteitsidee en klem te plaas op sowel 'n klassieke, breë opvoeding as gevorderde spesialisasie – 'n oogmerk wat bydraes van die dekaan sal vereis.

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, dr. P.W.A. Steyn en prof. J. van der Elst

Die dekaan sal verantwoordelik wees vir onder andere die volgende take en pligte binne die verwante fakulteit: daaglikse operasionele bestuur; akademiese bestuur en beplanning; gehalteversekering; hulp en bystand met die uitbou van navorsing; personeelaangeleenthede van ’n akademiese aard; en die integrering van Akademia se uitgangspunte met akademiese programme.

Vaardighede wat tot voordeel sal strek is dinamiese leierskap; akademiese beplanning; organiseringvaardighede; interpersoonlike vaardighede; ’n positiewe ingesteldheid; dryfkrag; motivering en inisiatief; handhawing van akademiese integriteit; en selfgelding. Om te kwalifiseer moet u Afrikaans magtig wees.

Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Aansoeke moet voor of op 27 Augustus 2018 ingedien word. Indien u probleme met die skakel ervaar, stuur ’n e-pos aan mhb@solidariteitbeleggings.co.za en heg u Afrikaanse CV daarby aan.

Indien u nie binne drie weke ná die sluitingsdatum vir aansoeke terugvoer ontvang nie, kan u aanvaar dat ander kandidate vir die pos oorweeg is. Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.